RUBRIEK: HOOFARTIKELS

Niemand ontsien

DIE reuse-klopjag waarin 19 mense in 'n Bloemfonteinse nagklub in hegtenis geneem is op aanklag van handel in dwelms, het gewys dat dwelmgebruik nie net tot sekere mense beperk is nie.

Diegene wat in hegtenis geneem is, sluit in 'n prokureur, twee minderjarige meisies, 'n duikklopper, 'n lid van die militêre polisie, 'n kelner, leerlinge en selfs werkloses.

Die vasgetrektes is nie almal van dieselfde geslag en/of ouderdom nie, en hulle kom uit verskillende dele van die stad.

Dwelmhandelaars het klaarblyklik net een doel voor oë -geld, en soveel so vinnig as moontlik.

Sonder aansien des persoons. En daarom moet die publiek hul oë en ore oop hou, want die dwelmhandelaars kruip nie iewers in donker stegies weg waar hulle hul gewetenlose bedrywighedepleeg nie.

Hulle is hier tussen ons -- selfs op die skoolbanke onder Juffrou en Meneer se oë. In winkelsentrums waar oënskynlik gesonde vermaak aangebied word.

Die enigste beskuldigde aan wie ná die klopjag borgtog geweier is, Donald Nicholas Constable, kom van Heidedal.

Dit is juis 'n woonbuurt waar dwelmhandel hoogty vier. Skoolhoofde daar sal getuig met watter enorme dwelmprobleme hulle in hul skole sit.

Moet egter nie die fout maak en dink dis tot daardie gebied beperk nie.

As gemeenskappe nie gaan opstaan en oorlog verklaar teen die dwelmhandelaars nie, sal dié misdryf eenvoudig toeneem en al hoe meer en al hoe jonger mense se lewe verwoes.

Dit begin by ouers wat hul kinders moet ken en weet waarmee hulle besig is.